Meer inligting oor die program is op die webblad beskikbaar

http://www.suncep.sun.ac.za/UPP/SciMathUS

SCAN ME

Kontak ons gerus ook by:

021 808 3032
via e-pos by bridging@sun.ac.za
of besoek ons Faceboek-bladsy:
SciMathUS

SciMathUS is een van Stellenbosch Universiteit se universiteitsvoorbereidingsprogramme. Dit word aangebied deur die Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP).

Universiteit Stellenbosch bied nét die geleentheid om hier te studeer mits jou Graad 12-punte in ooreenstemming is met die minimum toelatingsvereistes soos bepaal deur die verskillende fakulteite. Besoek die Universiteit se webblad http://www.sun.ac.za om seker te maak wat die spesifieke toelatingsvereistes van die verskillende programme is. Dit wissel van program tot program.

*Aangewese vakke vir universiteitstoelating:

Besigheidstudies, Dramatiese Kunste, Ekonomie, Fisiese Wetenskappe, Geografie, Geskiedenis, Godsdiensstudie, Inligtingstegnologie, Ingenieursgrafika en -ontwerp, Landbou- wetenskappe, Lewenswetenskappe, Musiek, Rekeningkunde,Tale (een taal van leer en onderrig aan'n hoër onderwys-instelling en een of twee ander erkende taalvakke),Verbruikerstudie,Visuele Kuns,Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid (nie in alle studierigtings aanvaarbaar nie).



# SciMathUS



Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

SUNCEP
Stellenbosch University
Centre for Pedagogy



SciMathUS is 'n tweede kans universiteitvoorbereidingsprogram vir studente wat nie aan die vereistes vir hoër onderwys of programme met spesifieke toelatingsvereistes voldoen het nie. In SciMathUS kan hulle hul Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS) uitslae in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe verbeter. Met verbeterde NSS-resultate, mag hierdie studente heraansoek doen vir toelating tot hoër onderwys.

## SciMathUS vakke:

- Wiskunde
- Fisiese Wetenskappe

## Om vir die program oorweeg te word, moet aansoekers:

- **graad 12 geslaag het met minstens 60%** gemiddeld (Lewensoriëntering uitgesluit) twee jaar voordat aansoek gedoen word.
- minstens vier vakke uit die groep aangewese vakke vir universiteitstoelating* geneem het.
- minstens 50% in Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) behaal het.
- minstens 45% in Wiskunde EN minstens 45% in Fisiese Wetenskappe behaal het.

Voldoening aan die bogenoemde kriteria waarborg NIE seleksie nie.
Alle aansoeke sal op meriete oorweeg word.
SciMathUS berei studente voor vir universiteitstudies. Derhalwe moet jy hoogs gemotiveerd en hardwerkend wees met die ambisie en deursettingsvermoë om 'n universiteitskwalifikasie te kan behaal.

Die program word in lyn met die diversiteitsdoelwit van Universiteit Stellenbosch aangebied. Voorkeur word gegee aan studente uit opvoedkundig benadeelde omstandighede wat verhinder het dat studente hul volle akademiese potensiaal kon demonstreer en as gevolg daarvan nie toegang tot hoër onderwys kon kry nie.

## SciMathUS bied vir jou:

- gehalte-onderrig vir 'n jaar in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe.
- die geleentheid om jou NSS-uitslae in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe aansienlik te verbeter.
- onderrig in Akademiese Geletterdheid asook Rekenaargeletterdheid.
- die geleentheid om deel te wees van 'n aktiewe leerproses.
- die geleentheid om vaardighede aan te leer wat nodig is om susksesvol aan die universiteit te studeer.
- toegang tot US-fasiliteite.
- onderrig in Afrikaans en Engels.




## Hoe om aansoek te doen:

- Aanlyn (die skakel sal in November op die webtuiste www.suncep.sun.ac.za beskikbaar wees).
- Laai die aansoekvorm van die webtuiste af (www.suncep.sun.ac.za).
- Die vorm kan op versoek per e-pos aan jou gestuur word.
- SLEGS volledige aansoeke sal oorweeg word. Keuring vind in Januarie plaas na die sperdatum vir aansoeke en nadat aansoekers hul finale uitslae kon indien.

'n Keuringskomitee sal die mees geskikte kandidate vir die program aanwys.

Die besluit van die keuringskomitee is finaal.

Suksesvolle kandidate sal na afloop van die keuringsproses in kennis gestel word dat hulle aanvaar is.

Die program akkommodeer ongeveer 100 studente per jaar.

Beperkte huisvesting is beskikbaar.

Toegangsfooie is betaalbaar.